KUNS

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Deelnemer mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Deelnemer skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in graad R-1, graad 2-3, graad 4-5, graad 6-7, graad 8-9, graad 10-12, óf die ope afdeling (18-25 jaar; dui ouderdom aan).
- **NB!** Dieselfde inskrywings mag NIE meer as **een keer** (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet oorspronklike werk wees wat nog nie voorheen ingeskryf is nie.
- Alle inskrywings moet die **deelnemer se eie**, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.
- **LET WEL!** Die beoordelaars is onafhanklik van die FAK en hulle beslissings vir die finaliste is finaal.
- Die finaliste sal aan ons uitnemende hoofbeoordelaars gestuur word. Hulle sal dan die finale wenner aanwys.

1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die teks by die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
  - **Font: Calibri**
  - **Lettergrootte: 12**
  - **Spasiëring: 1½**
  - **Kantlyne: 20 mm rondom**
- Bo-aan jou werkstuk/inskrywing moet die volgende inligting aangebring word:
  - **Naam en van**
  - **Graad/ouderdom**
  - **Afrikaans eerste taal (huistaal) / Afrikaans tweede taal (addisionele taal)**
  - **Kategorie**
  - **Titel**
- Die **inskrywingsvorm moet volledig ingevul word** en **agter** op jou kunswerk **vasgeplak** word.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat twee kunswerke inskryf), moet elke inskrywing **apart** ingedien word, elk met 'n **afsonderlike inskrywingsvorm**.
- Die inskrywings moet op **projekte.co.za** gelaai word.

- Die fisiese kunswerk **MOET per hand of per koerier** ingedien word. Die adres is FAK-kantoor, h.v. Eeufeesweg en Ou Johannesburgweg, Voortrekkermonumentterrein, Pretoria.

1.3 Spesifieke voorskrifte:

- Pastel, verf en kleurpotlode word aanvaar.
- Gemengde media word ook aanvaar.
- Skildery mag nie kleiner wees as A3 nie.
- Tekenkuns mag nie kleiner wees as A4 nie.
- Montering mag nie groter wees as A2 of A3 nie.
- **Geen voorstellings wat A5 is, word toegelaat nie**.

2. OPDRAG

- Maak 'n skildery of kunswerk waarin jy die tema van die jaar uitbeeld.
- Gee 'n Afrikaanse titel vir jou kunswerk. Onthou "Kunswerk" of "Stillewe" is nie 'n titel nie.
- Skryf ook 'n paragraaf van **100-120 woorde** om jou kunswerk te verduidelik. Hoekom het jy die spesifieke item gekies? Waaraan laat dit jou dink? Watter gevoelens kweek dit?
- Onthou om die **inskrywingsvorm en paragraaf agter op jou kunswerk** vas te plak.

3. BEOORDELING VIR DIE KUNSWERK SAL NA AANLEIDING VAN DIE VOLGENDE GEDOEN WORD:

Keuse en gebruik van materiaal/ tegnieke ___/10	• Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep • Veilig en hanteerbaar • Tegniese vaardigheid
Gebruik van formele kunselemente ___/10	• Die belangrikheid van kunselemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie
Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering ___/10	• Ontwikkeling van nuwe en unieke reaksies/oplossings
Interpretasie – 'n praktiese implementering van navorsing ___/10	• 'n Persoonlike interpretasie van die tema • Eksperimentering • Pak nuwe uitdagings aan
Voltooiing en aanbieding van kunswerk ___/10	• Aandag aan detail • Aanbieding volgens taak
Totaal	..... uit 50